

SONDAG 30

VRAAG EN ANTWOORD: 81

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
81 Vraag: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?				
<p>Antwoord: Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself</p>	1	1 Korintiërs 10:19-22	<p>Wat sê ek dan? Dat 'n afgod iets is, of dat 'n afgodsoffer iets is? Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die duiwels nie. Of wil ons die ywer van die Here opwek? Is ons miskien sterker as Hy?</p>	<p>Wat wil ek hiermee sê? Dat 'n afgodsoffer of 'n afgod enige betekenis het? Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bose geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste nie. Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?</p>
	1	1 Korintiërs 11:28	<p>Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink.</p>	<p>Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink,</p>